

Liewe Volksgenote,

Die verbod op die vertoon van die ou landsvlag was net nog 'n stap van die swartes om ons volk te verneder, maar omdat die *Union Jack* daarin ons nog altyd aanstoot gegee het, laat die verbod ons met gemengde gevoelens.

Ons volk het baie historiese vlae waarmee ons sterk sentiment het, maar ek dink die tyd is nou ryp dat ons volk vir ons **ÉÉN simbool** kies waaronder ons kan verenig; **één** simbool waaraan ons as volk geken word; **één** vlag waaronder ons die stryd vir ons vryheid kan voer; **één** vlag wat ons kan opsteek om vir die wêreld te sê: **hierdie vlag verteenwoordig die Boere-Afrikanervolk!** Die ander vlae sal ons steeds gebruik, maar ons kort één vlag waaronder ons volk kan optree.

My voorstel is dat ons die *Strydvlag*, ook bekend as die *Vryburgervlag*, tot ons **volksvlag** verhef. Daarmee behou ons die bekende en geliefde **oranje, wit en blou** bane wat Jan van Riebeeck na die Kaap gebring het. Dit was die vlag waaronder die Christendom en die beskawing in Suid-Afrika geplant is, en dit verteenwoordig terselfdertyd ons volksplanting. Die vertikale **groen baan**, soos in die ou Transvaalse Vierkleur, simboliseer *hoop*, en ook ons volk se strewe om vry te wees van alle vreemde oorheersing — ons republikeinse strewe.

Onder die Transvaalse Vierkleur, die Vrystaatse vlag met sy oranje bane en die Vryburgervlag van die Kaapse rebelle het ons volk die vryheidstryd teen die Britse Ryk gevoer en wêreldwyd roem verwerf en respek geniet.

As ons nou dié vlag as die nasionale vlag van die Boere-Afrikanervolk aanvaar, vat ons daarmee ons volk se geskiedenis en strewe in een eenvoudige, waardige simbool vas wat 'n **toekomsgerigtheid** en **idealisme** uitstraal wat op die goeie en skone uit ons verlede gebou is, soos pres. Kruger in sy laaste boodskap aan ons volk geskryf het.

Die vlag is jare gelede by die SA Buro vir Heraldiek as Vryheidsvlag geregistreer. Dit maak hom ideaal om as ons volk se nasionale vlag te dien.

Terwyl die ANC en sy soort die land verwoes en ten gronde rig, is ons as beskaafde Christenvolk geroep om te handhaaf en te bou.

Hoog die hart, hoog die vlag
Hoog oranje-blanje-blou!
Ons gaan saam die donker toekoms in
Om as een te sneuwel of oorwin,
Met ons oog gerig op jou,
Ons Oranje-blanje-blou!

A.E. Breytenbach

31 Oktober 2019